// Waterkruik

Die Gereformeerde Kerk WATERKLOOFRAND

JAARGANG 61 NO 36 8 September 2024

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
**Video** YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
**Oudio** Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---PretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

## EREDIENS VANDAG

Ds. Gerben is met naweekverlof.

Die oggenderediens word gelei deur prop. Theuns de Bruyn.

Die aanderediens deur dr. Douw Breed, ons emeritus predikant.

*Ons bid julle die seën van die Here toe op die verkondiging van die Woord.*

## DIENSBEURTE

**Oggend: Wyke 19 & 20**
*Oudle.:* Br. Wim Coetzer
Br. Péter Wassenaar
*Diakens:* Br. Francois de Kock
Br. Herman van Heerden
Br. Herman Bonnet
Br. Hanno Steenkamp

**Aand: Wyke 21 & 22**
*Oudle.:* Br. Wian van Staden
Br. Theo le Roux
*Diakens:* Br. Christiaan Oosthuizen
Br. Hendrik Coetzee

## KOLLEKTES

***Tydens die erediens:*** Diakonale kas
***By die deure*** : Kerkkas



## TEESKINKBEURTE

Die susters van wyk 11, o.l.v sr. Emzy Venter, nooi almal uit om na afloop van die erediens 'n koppie tee of koffie te kom geniet.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**MAANDAG:**
Katkisasie vir die hoërskoolleerders by die pastorie
18:00-18:45 Graad 7, 8
18:45-19:30 Graad 9, 10
19:30-20:15 Graad 11
20:15-21:00 Studente Bybelstudie

**Dinsdag:**
**09:30: Jeug van Gister**
Voortrekkermonument

**Donderdag:**
**09:30** Bybelstudie in die konsistorie

## VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Mag die Here wat vrede gee, julle altyd in alle opsigte vrede gee."*
*2 Tess 3:16*

*Vandag*
Sr. Susan Chambers (VSA) +67 5713 57837
Sr. Johanna du Plooy 083 234 6350

*Maandag 9 September*
Sr. Christine Lemmer 061 251 7936
Sr. Mariska Steenkamp 082 550 1356
Br. Theunis van Wyk 083 680 7844

*Dinsdag 10 September*
Stefan Esterhuizen (9) 084 404 1100
Sr. Vanessa Vermaak 082 876 0270

*Donderdag 12 September*
Sr. Santefielie Kuyper 082 925 8802

*Vrydag 13 September*
Sr. Tertia Wassenaar 084 754 5566

*Saterdag 14 September*
Br. Theuns de Bruyn 072 151 9185
Sr. Corrie Kruger 072 203 7959
Franco v d Merwe (14) 082 562 6752
Sr. Ansie Wichmann 072 605 8675

Hartlik geluk aan *sr. Johanna du Plooy* wat Sondag haar 83ste verjaardag vier. *Sr. Santefielie Kuyper* vier Donderdag haar 80ste verjaardag en *sr. Corrie Kruger* vier Saterdag haar 84ste verjaardag.

*Ons bid julle die Here se rykste seën toe op die nuwe lewensjaar. Mag die Here julle elke dag seën en naby wees. Ons wens julle 'n mooi dag toe saam met julle geliefdes.*



*"Sy antwoord was: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees*. "
2 Korintiërs 12: 9 & 10

## MEELEWING

Dit is vir ons 'n vreugde om sr. *Rieke Schutte* 083 410 6052 hartlik geluk te wens met haar en *Phillip Fourie* se huweliksbevestiging eerskomede Saterdag 14 September. Mag God se liefde julle omvou en mag julle toekoms saam gevul wees met geloof, hoop en liefde. Ook geluk aan br. *Frans en sr. Linda Schutte* met hulle dogter se huwelik. 083 304 0357

*Josh Fogwill* is nog steeds in 'n ernstige toestand in die ICU in die hospitaal maar hy is stabiel. Ons vra u voorbidding vir hom, vir sy ma, Michelle 082 325 8399 en sy suster Annemay, sy grootouers br. Toy 082 454 7054 en sr. Marianne Kruger en sy familie. Mag die Here julle elke dag vashou in sy liefdevolle genade.

Ons is saam met *br. Sarel du Plessis* 082 920 3840 dankbaar dat die operasie wat hy Woensdag aan sy enkel ondergaan het, goed afgeloop het. Ons bid dat die Here die operasie en herstel daarvan sal seën. Ons bid jou en Mada, wat jou so liefdevol versorg, krag en sterkte toe vir die hersteltydperk.

*Br. Johan Roos* (jnr) 079 691 6336 was onlangs in die hospitaal met nierstene wat verwyder is. Ons is saam met jou dankbaar dat jy goed herstel het.

*Br. Riaan Reinecke* 079 903 3930 se ouma is Donderdagoggend oorlede. Ons bid jou en *sr. Sophia* en julle familie vir vertroosting van die Heilige Gees toe in hierdie tyd.

*Sr. René Lemmer* 082 440 2748 ondergaan Dinsdag 'n operasie en intensiewe toetse onder narkose om te probeer vasstel waar die erge pyn wat sy ondervind vandaan kom. Ons bid en vertrou dat daar nou vasgestel kan word wat jou pyn veroorsaak.

## ROEPING AS KERKRAADSLEDE

Die Kerkraad het op sy vergadering van 22 Augustus 2024 besluit om die volgende broeders ter approbasie aan die gemeente voor te hou:

*As ouderling:*

Br. Jaco du Plessis van wyk 7

*As diakens:*

Brs. Justin Berry, Theo Kumm en Deon Brits.

*Ons vra u voorbidding vir die Here se wysheid en insig met die oorweging van die roeping.*

Die bevestiging sal DV Sondagaand 29 September tydens die erediens plaasvind.

## BEROEPNUUS

**Beroepe ontvang**

Ds FR (Franscois) Pretorius van GK Phalaborwa na GK Vryheid

Ds JG (Jacques) Tredoux van GK Pretoria-Brooklyn na GK Benoni as medeleraar

## NAWEEKKOSTER

Ons is dankbaar om te berig dat *Br Riaan Reinecke* ingestem het om die posisie van Naweekkoster op te neem nadat Br Hein Wichmann onlangs versoek het om uit te tree. Riaan het reeds vir geruime tyd ingestaan as hulpkoster en dus is die situasie nie vir hom vreemd of nuut nie. Riaan se selnommer is 079 903 3930 indien u met hom wil kontak maak aangaande reëlings oor naweke.

Ons is op soek na lidmate wat bereid is om te help as hulpkoster. Indien u belangstel, skakel asb met Sr Nienke v d Walt hieroor.

## JEUG VAN GISTER



Hierdie maand se by  byeenkoms is eerskomende **Dinsdagoggend** om 10 uur by die Voortrekkermonument. Ons wil graag die kultuursentrum besoek, veral die nuwer uitstallings, en daarna 'n lekker koppie tee/koffie geniet en saamkuier. Diegene wat nog lekker kan trappe klim, is welkom om na die tee/koffie die Monument self te gaan besigtig of al die ander besienswaardighede te besoek. Ons beplan DV om almal om 10:00 voor die monument bymekaar te kom, vanwaar ons dan na die kultuursentrum beweeg in 'n groep. Daar is 'n spesiale toegangsfooi vir pensioenarisse. As jy nog nie 'n pensioenaris is nie, maar graag wil saamgaan, is jy regtig baie welkom. Vervoer is beskikbaar vir diegene wat dit benodig. Skakel asseblief vir Rina Steenkamp 084 734 4181 of An Venter 079 679 0002, vir meer inligting of vervoerreëlings. Sien julle daar.

## *Oorsig oor die Nederlandse Geloofsbelydenis – aangebied deur ds. Gerben Meijer*

*Die eerste sessie van die behandeling van die Nederlandse Geloofsbelydenis is verby. Hierdie belydenisskrif vat die geloof soos wat ons dit as Gereformeerde kerke bely, kragtig vanuit die Woord saam. Hierin kry jy 'n deeglike oorsig oor dit wat ons deur die eeue heen as die kerk van die Here bely. Daar sal ruim geleentheid wees vir vrae en bespreking. Kom woon gerus die volgende sessie by of skakel aanlyn in. Die aanlynskakel word Dinsdag aan die hele gemeente gestuur. Die geleentheid word by die pastorie aangebied.*

*10 September 19:30: Sessie 2 - Oor God drie-enig (Artikels 8-13)*

*17 September 19:30: Sessie 3 - Oor die uitverkiesing en erfsonde (Artikels 14-16)*

*4 November 19:30: Sessie 4 - Oor ons redding deur Christus (Artikels 17-26)*

*11 November 19:30: Sessie 5 - Oor die kerk (Artikels 27-32)*

*25 November 19:30: Sessie 6 - Oor die sakramente en die ewigheid(Artikels 33-37)*



## 15 SEPTEMBER 2024 - GESPREKSGELEENTHEID 'CHRIST IN ME'

*Dr. Daniël Maritz kom volgende Sondag direk na die oggenderediens vir ons meer vertel oor die "Christ in Me" sekte wat hier in ons omgewing posgevat het. Wat is hierdie beweging? Wat moet ek oor hulle weet? Hoe kan ek my kinders toerus as hulle hiermee gekonfronteer word? Almal is hartlik welkom om hierdie geleentheid by te woon. Dit sal na die oggenderediens plaasvind.*

## LEEF IN GEMEENSKAP MET GOD SODAT JOU BEPLANNING ALTYD VOLGENS SY WIL IS.

*Jakobus 4:13-17 (AFR83)*

Wie nalaat om DV (Deo Volente – as God wil) in ag te neem met sy beplanning van die toekoms, leef outonoom en skuif God uit sy daaglikse lewe uit. Hy kan nog Bybel lees, bid en kerk toe gaan, maar sy lewe is onafhanklik van God en word volgens sy eie insig beplan en bestuur.

Sulke optrede is hoogmoedig en onteer God. Diegene wat so leef sonder God, vergeet dat die mens se lewe maar soos 'n miswolkie is wat voor die son van die Heilige God verdwyn. Jakobus kontrasteer die selfversekerde handelaars met hulle kortstondige lewe. Hulle weet nie eers of hulle nog môre gaan leef nie en is nie in beheer van die gang van die geskiedenis nie. Hulle is hoogmoedig en dink hulle kan alles doen. Jakobus bevestig dat die mens se lewe maar 'n damp is wat 'n oomblik verskyn en dan weer verdwyn. Juis omdat ons lewens so kort is, moet ons voor God neerbuig wat alles regeer en alles bepaal in die geskiedenis. Ons moet ons kortstondige lewe in sy ewigheid plaas en saam met Hom leef. Wie nou afhanklik van Hom lewe, leef ewig saam met Hom.




Daar moet altyd 'n DV voor ons beplanning van ons dagtaak en lewens wees in erkenning en in vertroue op Hom wat alles bestier en beskik. Wie sonder God wil lewe, of sy daaglikse lewe onttrek aan die heerskappy van Christus, sondig voor die Here.

Dit is 'n heerlike voorreg om te leef en te beplan in gemeenskap met die Almagtige God wat oor alles beskik en ons nietige lewens deur die soendood van Jesus Christus verander in 'n lewe in ewigheid saam met Hom. Dan sal jy dankbaar wees in voorspoed, geduldig in teëspoed en Hom altyd loof.

*Dr. SJ van der Merwe (Sarel) (emeritus)*

CROSSROADS
PRISON MINISTRIES | SOUTH AFRICA |

*Crossroads streef na die uitleef van Jesus Christus se Woord en liefde aan gevangenes wêreldwyd.*

*Die Kurrikulum is saamgestel en gegrond op ons Gereformeerde Belydenis. 'n Wye verskeidenheid Bybelse onderwerpe word in diepte bestudeer en behandel.*

*In Suid-Afrika funksioneer reeds vier kampusse voltyds, te wete: Pretoria, Centurion, Krugersdorp en Kaapstad. Gemeentes in die Johannesburgarea word tans gemobiliseer en toegerus om ook hier 'n eie kampus op die been te kan bring. Die behoefte in die gevangenis is groot. Gemeentes, hierteenoor, is begenadig met baie gelowiges wat in die gerief van 'n eie huis gemiddeld 30 keer per jaar kan uitreik na 'n gevangene d.m.v. mentorskap in hierdie program. Mentors getuig deurlopend van kosbare persoonlike geestelike groei!*

*Voorts verseker finansiële bydraes voortgesette en blywende beweging. Besoek gerus die webwerf.*

*Help ons asseblief om ons sending-roeping vanuit Mattheus 25 tot sy eer te kan uitleef.*

*Bereik gevangenes vanuit die gerief van u eie huis en*

*word 'n mentor OF borg 'n student.*

***Kontakbesonderhede**: 061 031 9498 | office@cpministries-sa.org.za | www.cpministries-sa.org.za*

## SNIPPERS







### Wat is die geheim van ware geluk en seën?



Die woord geseënd (1983-vertaling) of salig (1933/1953-vertaling) soos wat Jesus dit in die saligsprekinge (Matteus 5:1-12) gebruik, dui op geluk wat nie van hierdie wêreld is nie. Die geluk waarvan hier ter sprake is, is geluk wat as 'n hemelse gawe van God aan ons gegee word. Ons kan dit nie self maak of verwerf nie.

Merkwaardig van die nege seëninge wat Jesus noem is dat ons dit teen alle verwagting in ontvang. Dit is geluk wat die wêreldse mens dink onmoontlik is. Volgens menslike maatstawwe beskryf Jesus in Matteus 5:1-12 bejammerenswaardige mense. Saam die Here, in diepe afhanklikheid van Hom, is hierdie mense egter geseën met geluk wat die verstand te bowe gaan. Dit is geluk en seën wat God skenk.

## FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

**PREDIKANT**
Ds. Gerben Meijer
062 279 4469

**SKRIBA**
Gert Wibbelink
082 787 6537

**VOORS DIAK**
Herman van Heerden
082 604 3352

**OUDL. SKRIBA**
Gert Wibbelink
082 787 6537

**ORRELIS**
Ansie Wichmann
072 605 8675

**SONDAGKOSTER**
Riaan Reinecke
079 903 3930

**WEEKKOSTER**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOOR**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOORURE by die kantoor**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk**
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

**Diakens**
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No. 9139785681

**PARKERING**

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

**e-pos kerk**: admin@gkwaterk.co.za
**webwerf**: www.gkwaterkloofrand.org.za

**KERKKAS**

Snap here to pay
SnapScan

**DIAKENS**

Snap here to pay
SnapScan